Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS


# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.


ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXIII — WOENSDAG 11 OKTOBER 1967 — Nr. 2

## *Meningsopname:*

# *Bosbaadjies as somersdrag? - Studente sê ja.*

**DIE somer is hier. Oral op die kampus kan mens dit reeds aan die kleredrag van die dames sien. Veelkleurige somersrokke is aan die orde van die dag, en sandale is nie minder skaars nie. Die arme mans kyk maar net toe, beny die dames, en bly sweet in hulle lang broeke, wit hemde en dasse.**

**By die Universiteit van Pretoria word vraelyste versprei en die studenteraad bespreek die saak. Op ons eie kampus besluit die mans op die administratiewe personeel hulle het genoeg gehad van warm klere en besluit ten gunste van bosbaadjies met langbroeke.**

En wat sê ons studente daarvan? Die Wapad het 'n aantal studente genader en hulle mening gevra oor die huidige bedeling en oor die wenslikheid van bosbaadjiepakke as somerdrag. Deur die bank was hulle ten gunste daarvan dat daar 'n verandering moet kom in die huidige bedeling waar daar nog skeef opgekyk word na bosbaadjiepakke as klasdrag.

**LANGBROEK**

Nic Vreken, nagraadse student in die natuurwetenskappe en 'n inwoner van Uitspan, is sterk ten gunste van die drag as somersdrag, desnoods met 'n langbroek daarby. „Om praktiese werk in te doen, is dit in elk geval die beste."

Ook Petri Schutte, 'n derdejaar B. Comm-student van Haak en Steek, vind dit in die huidige warm weer die gemaklikste drag. „Mens voel in elk geval baie meer ontspanne daarin en baie meer lus om te werk," sê hy.

Callie Coetzee, P.N.B.-verteenwoordiger op die Studenteraad en 'n Th.B-student, vind ook geen fout met bosbaadjiepakke nie, mits dit nie uitspattig is nie. Dit lyk definitief baie beter as 'n gewone kortbroek en hemp, sê hy.

**DAMES**

Die dames kon oor die algemeen ook nie fout vind met die nuwe drag, wat al hoe meer op die kampus opgemerk word nie.

Mej. A. van der Merwe, 'n inwoner van Oosterhof, sê: „Mans kan regtig maar koeler aantrek. 'n Bosbaadjiepak is natuurlik ideaal en dit lyk pragtig!"

Mev. Van Wyk, matrone van Oosterhof: „Aangesien die dames so koel en fleurig kan aantrek, dink ek definitief dat die mans koeler kan aantrek. 'n Bosbaadjiepak is vir my baie mooi. Dit gaan ook die mansstudente verhoed om allerhande uitheemse broeke te dra en sal 'n mate van eenvormigheid gee."

**ARME MANS**

Daleen Snyman, primaria van Klawerhof: „Wel, ek ,swot' B.Sc. en ek kan net nie sien hoekom moet die arme mans daar gaan staan en prakties doen met 'n klomp warm klere nie."

Marianne Buys, van Oosterhof „As 'n man met 'n das en 'n langbroek slordig lyk, sal hy daarsonder ook slordig lyk. Ek dink dit hang van 'n mens se persoon af. Waarom kan die mans dus nie ook dra wat hulle wil nie."

Andre Viljoen, ook van Oosterhof, sê dat behalwe mansmense wat sonder dasse rondloop, daar nog die is wat hulle moue sommer opfrommel in stede van oprol. Ook sy is ten gunste van bosbaadjiepakke.

**MODERNE LANGBROEKE**

Net een dame was nie ten volle vir bosbaadjiepakke te vinde nie. Hettie Viljoen sê: „As die mans bosbaadjiepakke dra, goed en wel. Maar ek dink die moderne langbroeke van sintetiese materiaal is nie so vreeslik warm nie, en 'n das lyk tog altyd netjies."





**Terwyl mnr. Jaap Erasmus (links) breed glimlag in sy heerlike koel somersdrag, kom dit voor asof mnr. Pontifex Venter wil sê: Sjoe! oor sy warm en ongerieflike mondering hier in die middel van Potchefstroom se somer.**



**Prof. H. van Riessen, tweede van links, tydens sy onlangse besoek aan die P.U. afgeneem saam met, van links na regs, proff. H. G. Stoker, H. J. J. Bingle, G. Dekker en A. G. Coetzee.**

**(Foto: Fotokuns)**

# VAN RIESSEN BESOEK POTCHEFSTROOM

**Prof. dr. H. van Riessen, hoogleraar in Sistematiese Wysbegeerte aan die Vrye Universiteit van Amsterdam, het Potchefstroom vanaf 25 September tot 6 Oktober besoek en 'n hele aantal lesings voor verskillende verenigings en klasgroepe aan die P.U. gelewer.**

In 'n toespraak met die tema Christelik en Algemeen wat prof. Van Riessen op 2 Oktober voor Korps gehou het, het hy die teenstelling tussen die optrede van prinsipiële voorkeur en die van gemeenskaplikheid deur die geskiedenis aangetoon.

**NEUTRALITEIT**

Aan die hand hiervan het prof. Van Riessen die neutraliteitsidee van die negentiende eeu, die Amerikaanse neutraliteitsopvatting, en die huidige Europese algemeenheid bespreek.

**OPPERVLAKKIG**

In verband met die Amerikaanse neutraliteitsopvatting het hy gesê dat die lewe van die Amerikaners oppervlakkig is omdat enigiets wat verskil tussen mense mag bring, uit die gemeenskap geweer word. Dit is 'n eienskap van die Amerikaner dat hy min begrip het vir ander volke en oor die algemeen banger vir die kommunisme is as die Europeër.

## U.O.V.S.-rektor oorlede

Prof. P. W. G. Groenewoud, rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, is gisteroggend in Bloemfontein oorlede.

Prof. Groenewoud (57), wat sedert 1959 rektor van U.O.V.S. was, was ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

## *Hans van Zyl word pa*

'n Ou bekende op die kampus mnr. Hans van Zyl van die Sportkantoor, het op 1 Oktober die vader van 'n dogter geword.

Na Die Wapad verneem, gaan dit goed met vader, moeder en dogter.

## Sprack moet weg

'n Deportasiebevel is verlede Vrydag op die president van Nusas, John Sprack, bestel. Volgens die bevel moet Sprack die land binne tien dae verlaat of vertoë tot die Minister van Binnelandse Sake rig.

Sprack, wat 23 is, is twee maande gelede sy Suid-Afrikaanse burgerskap ontneem omdat hy met 'n Britse paspoort gereis het.

**NIE-BLANKE**

Dit is nog nie duidelik hoe die stap Nusas affekteer nie. Die huidige onder-president van die vereniging is 'n nie-blanke, mnr. Ntoane.

# Oosterhof kry naambord

**'n Geskiedkundige gebeurtenis in die bestaan van Oosterhof het op 23 September voor die koshuis plaasgevind toe die koshuis se naambord onthul is.**

Die onthulling is waargeneem deur Daleen Basson, die huidige hoofdame, wat die naambord namens die vertrekkende dames aan die agterblywendes geskenk het.

**NAAMBORD**

Na vele beraadslagings deur die vertrekkende „oudames" het hulle besluit om die voorstel van mej. Susan Fourie aan te neem. Hulle sou aan Oosterhof 'n neonlignaambord skenk. Verlede Donderdagaand na ete het die dames die voorreg gesmaak om die resultaat daarvan te aanskou.

**ONTVANGS**

Daleen Basson het die twee helderkleurige badhanddoeke onder groot applous van die omstanders voor die naambord weggetrek. Die naambord is deur die nuutverkose hoofdame, Florence Weinrich,in ontvangs geneem.

## Tweedejaars se ouers onthaal

Volgens 'n besluit wat deur die universiteitsraad geneem is sal die ouers van tweedejaarstudente aan die begin van 1968 deur die universiteit onthaal word.

Die ouers besoek die universiteit op 22 en 23 Maart. Alle dosente wat tweedejaarsklasse waarneem, is versoek om op die oggend van 23 Maart in die lesinglokale en laboratoriums teenwoordig te wees ten einde die ouers in staat te stel om hulle te ontmoet.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

**JOUBERT MEUBELS**
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir
**MODERNE MEUBELS**
en alle
**HUISHOUDELIKE TOERUSTING**

Ons spesialiseer in die verskaffing van die
**Jongste Plaat-opnames**
Kom besigtig ons groot reeks.

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.
**Kerkstraat 118**
**Potchefstroom**
TELEFOON: 3237

**die WAPAD**

WOENSDAG 11 OKTOBER 1967

# Massa en Studenteraad

As daar een faktor is wat neig om enige studentegemeenskap (en nie net studentegemeenskappe nie) kragteloos te maak, is dit die siening van die studenteraad en die massa as twee teenoorgestelde pole wat in voortdurende stryd verkeer.

Dit is hierdie siening wat daartoe lei dat die studenteraad inderwaarheid nie gesien word as verteenwoordigend van die studentemassa se belange nie, maar as 'n diktatoriale groepie wat alles behalwe dit voor oë het, en wat nie te vertrou is nie.

Ons eie studentelewe was in die verlede nie van hierdie euwel vry nie. Tot nie al te lank gelede nie was dié mening meer as net die fluisteringe van enkele persone.

In die nuwe termyn (en nuwe bedeling) wat ons vier weke gelede betree het, is dit uiters nodig dat hierdie tipe wanopvatting oor die plek van die Studenteraad, wat heel dikwels die gevolg van 'n gebrek aan kennis oor hierdie liggaam is, moet verdwyn. Gebeur dit nie, kan ons ewe goed vergeet daarvan om met alles wat verander is, 'n beter studentelewe daar te stel.

Daar is genoeg maniere om die gewenste verhouding tussen die Studenteraad en die persone wat hulle verteenwoordig, te verkry. Een daarvan sou wees dat Studenteraadslede self sal poog om in gesprekke met hulle mede-studente wanopvattings te weerlê en tot groter hoogte hul mede-studente op hoogte te hou met wat rondom die Studenteraad gebeur. Dit is inderdaad maar 'n klein gevaar dat vertroulike sake op die manier uitgelap sal word.

'n Ander oplossing is dat baie meer studente gebruik sal maak van die geleentheid wat aan hulle gebied word om Studenteraadsvergaderings by te woon. Van hierdie unieke geleentheid om eerstehandse kennis oor die werking van die Stuenteraad te verkry, het slegs 'n handjievol in die verlede gebruik gemaak.

Meer metodes sal waarskynlik nog te bedink wees. Wat belangrik is, is dat daar vertroue in die Studenteraad as verteenwoordiger van die massa sal bestaan en dat die Studenteraad nie as teenpool van die massa gesien word nie.

Dit alles wil nie sê dat daar nie kritiek op die Studenteraad gelewer moet word nie. Verre daarvan, want goedbedoelde kritiek is nooit taboe nie. Maar dan moet dit goedbedoelde kritiek wees, en kritiek wat op optrede gemik is, nie op persone of instellings nie.

Op hierdie basis kan 'n gesonde studentelewe gebou word.

# Wat wil ons hê?

1967 se lentefees is verby. As die mees gedenkwaardige geleentheid in die studentelewe van die P.U. gedurende 1967 sal min optimiste waag om dit te beskrywe. Inderdaad sal verskillende persone om verskillende redes dit eerder vergeet of wil vergeet.

Om in besonderhede in te gaan op wat gebeur het (én nie gebeur het nie) sal hier geen goel dien nie. Dit bly 'n feit dat die hele verloop van die byeenkoms, wat 'n fees moes wees, in werklikheid nooit anders as sukkelend was nie.

Waar moet die fout gesoek word? Om die mislukking die A.O.B. ten laste te lê, sou 'n mistasting wees. Hierdie liggaam en sy betrokke komitees het min moeite ontsien om die byeenkoms onder die aandag van die massa te bring. Aan die reëlings wat reeds vir dae tevore by die dam en elders getref is, het min geskort, en min studente het dan ook enige klagtes gehad hieroor.

Moet die fout nie veel eerder by die studente vir wie die lentefees gereël is, gesoek word nie? 'n Mens gee graag toe dat baie studente vir die „langnaweek" huis toe was, en dat 'n groter opkoms op 'n ander naweek te wagte sou wees. Maar watter verontskuldiging is dit vir die absolute laksheid wat aan die dag gelê is toe van die organiseerders se kant gepoog is om speletjies te laat speel? Waar was die koshuise, wat vooruit genader is om spanne vir die kompetisies in te skryf, se verteenwoordigers? Vrae soos die is daar legio.

Die vraag is: Wat wil ons Pukke hê van die A.O.B.? Dat alles vir ons op skinkborde gebied word, en ons bly lê, soos Saterdag by die dam? Of is ons nog bereid om self inisiatief aan die dag te lê as dit by ontspanning kom? Wil ons toeskouers of deelnemers wees?

'n Mens hoop dat laasgenoemde die geval is en dat die lentefees 'n ongelukkige sameloop van omstandighede was.

***INSLEEP!***
**WAARHEEN ALMAL SLEEP**
**Koshuisbestellings: 6039**

# In U Lig

**1 Kon. 18:19—39.**

Daar bestaan 'n krisis in die godsdiens van Israel. Waarin bestaan die krisis? Wie is God? En die antwoord moet kom: Die Here is God!

Israel verkeer in 'n toestand van verwording. Baalsdiens en offers is aan die orde van die dag. Maar tegelyk word ook God gedien. Hulle hink dus op twee gedagtes. Hulle dien God en Baäl.

Die eerste gebod is hier ter sprake. Ook die liefdesgebod: Liefde tot God met die hele hart. Dis die gruwelike: God word gelyk gestel met Baäl.

Elia roep die volk saam om by Karmel te vergader. Ook die Baälsprofete moet daar bymekaar kom. Daar sal dan bepaal word wie God is, die God van Israel of die God van Baäl.

Die volk word voor 'n daadwerklike keuse gestel: Twee altare word opgerig en op elkeen word 'n bul geplaas. Die Baälsprofete kry die eerste geleentheid om hulle „offer" voor te berei en om hulle god aan te roep. 'n Hele dag lank het hulle hul god aangeroep met die hoop dat hy sou antwoord. Maar sonder sukses. Daar was geen reaksie nie.

Dan gaan Elia met God in gebed. En dan gaan die hemel oop. God antwoord met vuur. Die brandoffer en die hout en die klippe en die water rondom die altaar word opgelek. Alles word verteer.

By Baäl was daar stilte; net aardse lawaai. Daar het die stilte geheers wat eie is aan 'n aardse afgod. Maar op die gebed van Elia was daar onmiddellik reaksie. Dis duidelik: Die Here is God.

Wie is God in ons lewens? Daar word na soveel dinge die hand uitgesteek. Is daar by ons oorgegewenheid, liefde met die hele hart? Of is ons liefde verdeel?

In Christus kom God na ons.
Hy skenk ons Sy liefde —
So lief het God die wêreld gehad... (Joh. 3:16).
Ons moet antwoord:
Ek bied u hart en hande
In will'ge offerande —
al wat ek is en het... (Ps. 40:4).

# - Deur My Lens -

Reflector is al seker vir baie dinge uitgeskel in sy berugte lewe op die Puk se kampus; maar ek twyfel of hy al ooit bekrompe kon gewees het want wat sy swakheidjies nou ook al mag wees, hy het nog nooit met 'n onbuigbare verknogtheid aan die tradisie vasgekleef nie. In die lig hiervan kan die volgende kritiek dan seker beskou word as werklike kommer oor 'n diepgaande saak en nie sommer net losse, nuttelose en afbrekende geskinder nie.

**HOOFLIGGAAM**

In ons midde het ons 'n pragtige nuwe hoofliggaam wat aanduidings lewer dat hulle van plan is om hulle in die volgende jaar besonder aktief besig te hou met alle organisasie verbonde aan ontspanning op die Puk. Hulle het wonderlike visioene om te verken en 'n feitlik onbegrensde land lê braak om deur inisiatief omgeploeg te word en deur oorspronklikheid bewerk te word. Daarom is dit des te jammerder en steeds meer betreurenswaardig dat die A.O.B. (want dit is hulle) hulleself laat kniehalter het in die na-aping van ander universiteite en daarmee 'n baie swak voorbeeld gestel het.

**SLEEPBURO**

Daarmee verwys ek na die stigting van 'n sogenaamde sleepburo uit die geledere van die A.O.B.

Dit is uiters teleurstellend en skokkend dat so iets soos 'n buro vir nie-slependes hoegenaamd toegelaat is om onder die studente van die Puk gevestig te word.

**AGENTE**

**Het die mans dan so sonder verbeelding en deursettingsvermoë geraak dat hulle nou al selfs agente nodig het om 'n aster vir hulle in die hande te kry? Het sleep en alles wat daarmee saamhang dan alle diepte verloor, sodat dit nie saak maak of iemand 'n naam uit 'n hoed trek en dit aan jou eie koppel nie? Jy gee nie om wie jy as geselskap kies nie, die een is wel so goed soos die ander?**

**JAGTER**

Wat het geword van die man wat die jagter is? En die wildsbokkie wat al die strikke van die jagter ken, wat het geword van haar vlugvoetigheid? Staan sy platvoets en wag dat 'n dooilike lummel vir haar 'n spantou kom aansit? Of het sy dalk die een geword wat met gierige oë moet loer en dan met behulp van 'n sleepburo haar prooi moet vaswikkel? Wat het van die egvroulike lis geword waarmee sy die jagter moet betower en bekoor totdat hy sy wapens vergeet en hy hom laat lei deur dit wat skoon is in haar?

Lank lewe die kêrel wat met 'n geknoopte tong nog wil probeer om die aster van sy keuse aan te keer en weg met kitsklaar, laf gewordе gesel(linne) wat goedkoop en klaargemaak in liaseerkabinette nageslaan kan word!

**VOORSPOED**

U (besonder) Dienswillige Dienaar neem dan gebruik van hierdie geleentheid om alle Pukke honderde voorspoed toe te wens met die komende eksamens en mag dit blyk dat dit wel nie die moeite werd was om die klasse wat deur die jaar afgegee is, by te woon nie!

Tot die dag en datum dan wanneer ons almal saam kan reflec-teer, seg ek dan my allerhartlikste groetnis aan u almal toe, tot volgende jaar!

REFLECTOR




# A.O.B. het groot planne

'n GROOT karnaval wat twee dae sal duur, 'n fietsresies, 'n tydren, 'n massa-dinee, 'n vrugtefees, boeresport en nog baie meer is op die program van die A.O.B. vir 1968. Al hierdie feite het geblyk uit 'n onderhoud met die voorsitter van die hoofliggaam, mnr. Bertie Fourie.

**Mnr. Fourie het gesê dat die A.O.B. sal poog om 'n nuwe bries van verandering te laat waai tussen die akademiese mure van die Puk in alles wat ontspanning aanbetref.**

Om dit te vermag, bestaan daar die volgende komitees binne die bestuur: 'n dineekomitee, feeskomitee, spelekomitee, karnavalkomitee, Ateljee '67- komitee, diskoteekkomitee en fliekkomitee.

Onder die veranderings wat in die algemene ontspanningspatroon beoog word, is die vertoon van meer rolprente, en dan rolprente van 'n hoër gehalte.

**VIERKANT**

Daar word ook groot planne beraam om die vierkant tussen die kafeteria en die Totiussaal so in te rig dat dit 'n gewilde bymekaarkomplek vir studente sal word. Tafels en stoele in die vierkant word in die vooruitsig gestel. As dit eers gebeur, kan daar vannuit die koshuis klein konsertjies daar aangebied word, en kan sluimerende musikale talent tot ontplooiing kom.

**MUSIEK**

'n Verdere verbetering word beoog deurdat daar elk aand gedurende sleeptyd musiek by die diskoteek gespeel sal word. Op elke moontlike Saterdag en elke Sondag sal ook 'n musiekprogram aangebied word, het mnr. Fourie gesê.

Saam met die karnaval, wat twee dae sal duur, word 'n tydren beplan waaraan enigiets wat ten minste met een wiel aangedryf word, sal kan deelneem.

Met die karnaval is die A.O.B. se doel grootskaalse ontspanning en 'n daadwerklike poging om die Puk-gees gesond te bevorder in 'n karnavalgees.

**SLEEPBURO**

Een van die ondernemings van die A.O.B. wat reeds in volle gang is, is die sleepburo wat deur die diskoteekkomitee georganiseer word. Volgens 'n woordvoerder van die komitee is dit verblydend dat veral die dames sulke goeie reaksie op die idee getoon het.

**STEUN**

Mnr. Fourie het ten slotte 'n beroep op alle Pukke gedoen om die A.O.B. en sy aksies ten volle te steun en sodoende die sukses te verseker van dit wat die bestuur beoog, nl. alleen die beste op ontspanningsgebied.

# Manskoshuise se komitees verkies

**Altesaam 23 persone is tydens die afgelope huiskomiteeverkiesings in die verskillende manskoshuise verkies.**

Johan van der Walt is as voorsitter van die Kompleks-komitee verkies. Saam met hom verteenwoordig Neels Buitendach Ons Huis op die komitee. Ander lede is: Jan Schutte en Willem Scott (Uitspan), Dollie de la Porte en A. Venter (Heimat), en J. G. van der Watt en I. van Aswegen (Haak en Steek).

**OVER DE VOOR**

In Over de Voor is mnr. Dries du Plooy as voorsitter herkies. Saam met hom is Callie Coetzee, Basie Gey van Pittius, Frans Nel, Johan Kruger en Louis Vorster verkies.

**THABA JäH**

Die huiskomitee van Thaba Jäh wat volgende jaar vir die eerste keer 'n manskoshuis sal wees, bestaan uit Carel van Heerden (primarius), Leon de Bruin en Piet Botha.

**DAWIE DOEP**

In Dawie Doep-Noord is Piet Mulder, Blackie Vorster, en Trichardt Malan verkies, terwyl Piet Bruwer in Dawie Doep-Suid as primarius verkies is, saam met Koos Kruger en Japie Malan as huiskomiteelede.



**Mnr. Fanie Coetzee, wat deur die Studenteraad as redakteur van Die Pukkie vir 1968 benoem is.**



**Mnr. Piet Roodt, wat deur die Studenteraad aangewys is as redakteur van Die Besembos vir 1968.**

LA VOGUE
POTCHEFSTROOM SE MEES MODERNE DRAPERIE HANDEL.
La Femme Drapers (Pty.) Ltd.
KERKSTRAAT 130,
Telefoon 3822.

## *Dameskoshuise kies huiskomitees*

**Op die huiskomiteeverkiesings van die dameskoshuise wat op 25 September plaasgevind het, is die volgende lede vir die termyn 1967/68 gekies:**

**OOSTERHOF: As primaria is Floors Weinrich gekies. Ander lede is: Elsabe Coetzee, Breggie Engelbrecht, Susan Fourie, Carol le Grange en Stella Venter.**

**KLAWERHOF: As primaria is Daleen Snyman herkies. Ander lede is: Hettie Kruger, Rina Pieters, Elsa Stigling, Retha van der Westhuizen, Neelsie Smit en Ina van Wyk.**

**HUIS RUS: As primaria is Kitty van Heerden gekies. Ander lede is: Dineke Koelewyn, Carene Lubbe, Danette Niehaus, Ina Pienaar, Rina Pretorius en Mietie van der Merwe.**

## *EREKLEURE TOEGEKEN OP DINEE*

**Die P.U. se Sportinstituut het sy aksies vir 1967 op Dinsdag 3 Oktober afgesluit met 'n dinee in 'n plaaslike hotel.**

Die gasspreker by die geleentheid was mnr. R. W. J. Opperman, bestuurslid op die Uitvoerende Komitee van die S.A. Olimpiese Spele-vereniging. Eregaste by die geleentheid was onder andere prof. en mev. H. J. J. Bingle; prof H. Venter en mnr. en mev. Piet Malan.

Van die geleentheid is ook gebruik gemaak om erekleure, wisselbekers en ander toekennings op sportgebied te oorhandig.

**Willie Coetzee S.R.-voorsitter van die P.U., is weer eens as die sportman van die jaar aangewys, terwyl Dollie de la Porte die Presidentsmedalje vir die beste vordering in rugby gedurende die jaar, ontvang het.**

**EREKLEURE**

Aan twintig studente van die P.U. is erekleure in die verskillende sportsoorte toegeken. Die wisselbekers is deur die volgende persone ontvang: De Klerk-wisselbeker: W. E. Scott.

Corrie van Rooy-wisselbeker: Mej. Rosalie de Klerk.

Davy Robertsonwisselbeker: W. N. Coetzee.

Claudia de Jager-wisselbeker: D. P. J. Smith.

Glaser-wisselbeker: Mej. A. Welman.

Landloopbeker: L. van Wijck.

Pepsi Cola-beker: Mej. T. van Loggerenberg.

George Booyens-beker: Mans: Dorpstudente.

Sanlam: Dames: Oosterhof en De Klerkhuis.

Die bekers is deur mev. prof. H. J. J. Bingle oorhandig.

## Geoloë verkies bestuur

Op 'n onlangse vergadering van die Geologiese Vereniging is mnr. Harry Meadon as voorsitter van die vereniging verkies. As sekretaris is mnr. Johan Markgraaf, en as penningmeester mnr. Dries Pretorius verkies.

Prof. P. B. Ackermann is terselfdertyd as lewenslange president van die Geologiese Vereniging aangewys.

## Besoekende professore

Benewens Prof. H. van Riessen van die Vrye Universiteit van Amsterdam wat die P.U. onlangs besoek het, het verskeie ander buitelandse geleerdes gedurende September hier besoek afgelê.

Dr. W. van Huss van die Michigan State University in die V.S.A. het in die eerste helfte van die maand 'n lesing oor die posisie van liggaamlike opvoedkunde voor die departement aan die P.U. gelewer.

**VON RAUCH**

Op 26 September het prof. Georg von Rauch 'n lesing oor „Russia and Europe" voor Geskiedenisstudente gelewer, terwyl prof. dr. E. J. Ariëns van Nijmegen op die volgende dag twee lesings in Farmakologie voor die departement Farmasie gelewer het.



PROFESSOR SE FILOSOFIE

„Ek is geen spekulant nie. Ek soek wel waardevermeerdering vir my geld, maar ek het nie die tyd of die temperament om my oor wisselvallighede te bekommer nie. Ek glo dus in: skokvrye sekuriteit saam met die hoogste rentekoerse! *Dit* kry ek by NASIONALE BOUVERENIGING in 'n hele reeks spaar- en beleggingsplanne waaruit 'n mens die koers kan kies wat jou pas. En daarby 'n uitkyk op sake wat strook met 'n moderne begrip van doeltreffendheid asook 'n manier van doen wat dit aangenaam maak om van jou wegsitgeld afstand te doen!"

NASIONALE BOUVERENIGING

Vir die voordeligste beleggings
(Tans 4½% – 6½%)
Hoofkantoor: Posbus 2359, Pretoria. Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

# Reuse-Kultuursaamtrek beoog

**'n KULTUURSAAMTREK van tussen 500 en 600 Afrikaanse studente word vir April 1968 op die P.U. beplan, het die voorsitter van die A.B.K.K., mnr. Jan-At Kruger, vandeesweek aan Die Wapad gesê. Tydens die saamtrek sal ook die jaarlikse A.S.B.-kunsfees plaasvind.**

**Mnr. Kruger het gesê dat met die saamtrek gepoog sal word om nie alleen die kunsbeoefenaars te laat saamkom nie, maar ook die kultuurdraers op die Afrikaanse inrigtings. Daar word beplan om benewens 'n breë kultuurleierskursus drie gespesialiseerde kursusse aan te bied, nl. 'n koorkursus in samewerking met die Musiekkonserwatorium, 'n toneelleierskursus in samewerking met die departement Spraakleer en Drama, en 'n volkspeleleierskursus.**

Tydens die kultuurleierskursus sal die soeklig op verskeie aspekte van die Afrikaner en sy kultuur val, met besondere aandag aan die taak van die Afrikaanse student in die moderne tyd.

Verskeie vooraanstaande sprekers is uitgenooi om tydens die kultuursaamtrek op te tree, het mnr. Kruger gesê. Onder die wat reeds daartoe ingewillig het, is dr. Piet Meyer, voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K., prof. Ernst van Heerden, regter J. F. Marais, prof. G. Dekker, en prof. P. D. van der Walt.

**ONDERSTEUN**

Daar sal by verskeie instansies aangeklop word om die saamtrek geldelik te ondersteun.

Vir die persone wat die saamtrek bywoon sal ruim voorsiening gemaak word vir ontspanning tussen lesings, en alles moontlik sal gedoen word om hulle verblyf hier so genoeglik moontlik te maak.

**A.S.B.**

Die Studenteraad het besluit om by die A.S.B.-hoofbestuur aan te beveel dat benewens die drie gespesialiseerde kursusse ook die kultuurleierskursus onder die naam van die A.S.B. sal plaasvind.


## FLIEKS !
## POTCH.
## INRYTEATER

VRY. 13, SAT. 14 OKT. om 6.45 nm.
COPLAN FX 18 STRIKES AGAIN
RICHARD WYLER
JANY CLAIR

WOENS. 11, DON. 12 OKT. om 7 nm.
VRY. 13, SAT 14 OKT. om 9 nm.
SOUTH WEST TO SONORA
MARLON BRANDO
ANJANETTE COMER
(Nie vir persone 4—12 nie).

MAAN. 16, DINS. 17 OKT. om 7 nm.
Vry. 20, Sat. 21 Okt om 6 45 nm.
3 ON A COUCH
JERRY LEWIS
JANET LEIGH

WOENS. 18, DON. 19 OKT. om 7 nm.
VRY. 20, SAT. 21 OKT. om 9 nm.
BITTER SWEET
NELSON EDDIE
JEANETTE MacDONALD

MAAN. 23, DINS. 24 OKT om 7 nm.
VRY 27, SAT. 28 OKT om 6.45 nm.
THAT DARN CAT
DEAN JONES
HAYLEY MILLS

WOENS. 25, DON. 26 OKT. om 7 nm.
VRY. 27, SAT. 28 OKT. om 9 nm.
DEADWOOD 76
ARCH HALL Jr.
JACK LESSTER

## GRAND TEATER

WOENS 11, DON. 12 OKT.
ANY WEDNESDAY
JANE FONDA
DEAN JONES
(Persone 4—18 nie toegelaat nie).

VRY. 13, SAT. 14 OKT.
MAN COULD GET KILLED
JAMES GARDNER
SANDRA DEE

MAAN. 16, DINS. 17 OKT.
LEGEND YOUNG DICK JURPIN
DAVID WESTON

WOENS. 18, DON. 19 OKT.
CARRY ON, COWBOY
SIDNEY JAMES
JOAN SIMMONS

VRY. 20, SAT. 21 OKT
ONE OF OUR SPIES IS MISSING
ROBERT VAUGHN
DAVID McCULLUM

MAAN. 23, DINS. 24 OKT.
AN AMERICAN DRAM
STUART WHITMAN
JANET LEIGH

WOENS. 25, DON. 26 OKT.
PLAGUE OF ZOMBIES
ANDRE MORELL
DIANE CLARE
(Geen Persone 4—16 toegelaat nie).

VRY. 27, SAT. 28 OKT.
NOT WITH MY WIFE YOU DON'T
TONY CURTIS
VIRNA LISI




**Hierdie foto van die bokkies in die Harry Oppenheimer-park in Johannesburg is geneem deur G. Obber, 'n lid van die fotografiese vereniging van die Puk.**

## V.I.C.S. huldig professor

Op 'n dinee wat op 28 September in 'n plaaslike hotel gehou is, het die Vereniging van Industriële Chemi-studente afskeid geneem van prof. S. P. Ligthelm, wat aan die einde van die jaar uittree as hoof van die departement.

By die geleentheid is 'n heildronk namens V.I.C.S. op prof. Ligthelm ingestel deur prof. W. P. Robbertse, dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe.

## Tienderjariges bespreek

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing aan die P.U. het op 16 September 'n simposium met die tema „Die Onderwyser en die Tienderjarige" gehou.

Sprekers wat by hierdie geleentheid as inleiers opgetree het, is proff. W. J. de Klerk, T. van Dyk en J. M. Hattingh en mnr. P. J. Helberg, mnr. P. van Jaarsveld en mej. M. Brink.


DIE BULT
DAMES HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537


## PROF. ROODE SE WERKE UITGEVOER

**Een van die aande wat seker die langste onthou sal word in die musieklewe van Potchefstroom en waaraan met vele herinneringe teruggedink sal word, is Donderdagaand 28 September 1967. Die Collegium Musicum van die Musiekkonservatorium het 'n huldigingsprogram aan die nagedagtenis van Prof. M. C. Roode gehou waarin verskeie van sy komposisies voorgedra is.**

Veral op die gebied van kerkmusiek het Prof. Roode 'n groot bydrae gelewer. In die program was verskeie van sy koraalverwerkinge van Psalms en Gesange verteenwoordig. 'n Hoogtepunt was sy toonsetting van 1 Korinthiërs 13 vir 'n dubbelkwartet, en solis. Sy skeppingswerk het nie net by orrelmusiek geëindig nie, maar hy het ook vir die klavier gekomponeer.

**KOORWERKE**

'n Groot liefde van hom was koorwerke asook komposisie vir soliste; dit het meestal 'n godsdienstige strekking. Al die werke wat uitgevoer was, weerspieël sy liefde en sy geslaagde komponeer van kontrapuntale musiek. Hy skryf in 'n tradisionele styl met vindingryke gebruik van harmonieuse progressies.

Alhoewel die gehoor se reaksie spontaan was, het daar tog 'n effense gedempte atmosfeer geheers tydens die uitvoering.

R.v.d.W.


Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES


# KUNSGESELSIE

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die mensdom 'n nuwe tydvak in die geskiedenis betree: die ruimte-eeu. Ons beweeg vandag teen snelhede waarvan vroeëre geslagte selfs in hul sprokies nie gedroom het nie; ons tem die skrikwekkende mag van die atoom; en die aanskyn van die aarde sal eerlang byna onherkenbaar anders wees. Saam met hierdie veranderinge verdwyn die kuns soos ons dit tot nog toe geken het. Die skilder laat realisme aan die fotograaf. Soos die wetenskaplike probeer hy om nuwe wêrelde te verower.

**SUBJEKTIEF**

In teenstelling met die wetenskap, wat 'n rasionele, objektiewe verklaring van die wêreld bied, kan die kuns beskou word as 'n emosionele en subjektiewe verklaring. Maar die kunstenaar wat deesdae optiese en kinetiese kuns aanbied, laat emosie opsy. Hulle beskou die persoonlike karakter van hul werk as onbelangrik. Soos die wetenskaplikes werk hulle soms in groepe (Equipo 57, Gruppo N, ens.) wat nuwe ontdekkings nastreef op die gebied van visie en waarneming van kleur, ruimte en beweging.

Pleks dat hulle ons 'n harmonieuse balans van vorm wil gee, trek die optiese kunstenaars (bv. Vasarely) ons aandag en skep hulle self opwinding deur patrone van skielik wisselende digtheid — eenvoudige patrone wat dinamies word of wat ruimte effekte suggereer. Hulle verras ons met steurende illusies. Hul ontwerpe boei deur hul onstabiele voorkoms, hul patrone skep oënskynlik flikkerende lig of donkerheid; soms is hulle skilderye eksperimente waarin dieselfde kleur onder invloed van nabye kleurkontraste in heeltemal verskillende skakeringe verskyn.

**ONRUS**

Onrus en beweging word die hooftemas van die moderne kuns Beeldhouers soos Calder stel in hul „mobiele" beweging voor. Ander kinetiese kunstenaars (Malina, Boto en Shorrer) gebruik nuwe, treffende en heeltemal moderne tegnieke — deurskynende plastiek en elektriese motore — om letterlik „bewegende prente" te skep wat vir ons 'n drama van aanhoudende wisselende kleur en vorm gee.

'n Kunstenaar soos Agam gebruik suiwer primêre kleure en skep strelende visuele musiek— hy komponeer ingewikkelde fugas van deureengevlegde kleureffekte.

**SNELHEID**

**Die idee van snelheid oorheers ons tyd. Terwyl die Middeleeuse skilder sy altaarstukke geskep het vir mense wat hulle baie jare lank met aandag sou bekyk, werk die hedendaagse kunstenaar vir die verbyganger. In sy vinnige motor sien die moderne mens ons argitektoniese kuns slegs met 'n vlietende blik, en 'n haastige kyk is ook al waarvoor die meeste besoekers by groot kunstentoonstellings tyd kry. Die hedendaagse jeug is oorversadig met ontelbare prente in tydskrifte, koerante en boeke, en wil ook nie lang ure voor ingewikkelde kunswerke deurbring nie. Hulle verkies die bondige, eenvoudige stelling.**

Nogtans is die eksperimente van hierdie kunstenaars meer as verkwistende vermaak. Hulle toon ons suiwer vorm en beweging en leer ons om te twyfel aan wat ons oë sien. Hul kuns is 'n inleiding tot visuele denke.

R.v.d.W.

## Boonzaaier stal uit

Dr. F. P. Scott open vanaand om 6.00 nm. 'n uitstalling van die werk van Gregoire Boonzaaier in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou. Die uitstalling duur tot volgende Vrydag.


*„Liewe Ingram, ek verlang..."*
*„Ek gaan terug na ou Ingram as ek kan..."*
*Besoek*
INGRAM SE DRANKWINKEL
*Allerlei*
* Wynsoorte, bier en sterk drank.
* Druiwesap, sider, lemoensap, tamatiesap in bottels en blikkies.
*Ons verkoop alle soorte koeldranke.*
Tel. 4211, Posbus 171,
Kerkstraat 122,
POTCHEFSTROOM.




*Dit is die snit wat tel...*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. TOD SUTTIE
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

# Die Afrikaner en sy Universiteit

**DIT sou dwaas wees om te dink dat die Afrikaanse universiteit die wêreld voorgaan in die breëre wetenskapsbeoefening. Op enkele terreine is dit egter wel so. Dit sou ewe dwaas wees om te wil voorgee dat die strewe van die Afrikaanse universiteite is om dit te doen.**

**Die Afrikaanse universiteite kan slegs na behore verstaan word as hulle in hulle diensverband gesien word. Die Afrikaanse universiteite wil hulle besondere opset dien. Daardeur, word geglo, word die ganse mensewêreld gedien.**

Dit is merkwaardig om te let op wat die Afrikaanse universiteite reeds bereik het. Plaas dit teen die agtergrond van die moeilike omstandighede en dit gee baie stof vir dankbaarheid. Die Afrikaanse universiteit wil Suid-Afrika en sy gemeenskappe dien. Dit moet hy doen teen die agtergrond van sy Goddelike opdrag.

### EERSOEKERS

Die slagkrete van „wetenskap vir die wetenskap" en „navorsing vir navorsing" beteken in sigself weinig. Sulke slagsprekers is gewoonlik eersoekers en vaar spoedig oor die blou waters na „groener" grasvelde. Hulle is ook gewoonlik individualiteite wat verseg om die moeiliker pad saam met hulle mense te loop.

Moenie dink dat die Afrikaanse universiteite bo kritiek verhewe is nie: nog minder die regering se subsidiëringsbeleid. Die positiewe stryder hardloop moeilik weg; hy stry binne die besondere omstandighede eerder harder.

### INVLOED

Hoeveel persone is daar net nie wie se invloed, indien hulle in gunstiger omstandighede sou werk, baie verder sou strek as wat nou die geval is nie. Op ons eie universiteit is daar meer as een. Hulle wil egter eerder hulle gemeenskap dien. Die situasie by ons universiteite is so dat een dikwels (en selfs meer) die werk van twee of drie persone moet doen.

### BEMAN

Daarby moet gesien word die feit dat die Afrikaner sy eie universiteit moet beman. Ook beman hy die dubbelmedium-universiteite en al die nie-blanke universiteitskolleges. Voeg daarby die verskillende onderwyskolleges, tegniese kolleges en ander hoër opleidingsinrigtings, dan sien ons dat die Afrikaner die akademikus in Suid-Afrika is. Dit is ook verbasend om te sien hoeveel Afrikaners op Engelstalige universiteite doseer. Kyk 'n mens na die getalle van die Afrikaners, dan kan 'n mens verstaan dat daar soms persone by universiteite inglip wat nie daar hoort nie. Om hoofsaaklik finansiële redes is daar aan die anderkant goeie akademici wat op die ander grasvelde gaan wei.

J. M. T. LABUSCHAGNE.

# A.B.K.K. HOU KONFERENSIE

**Tydens die A.B.K.K.-konferensie oor die P.U.-student en die beoefening van kuns wat vanaf 21 tot 23 September in die Senaatsaal gehou is, het verskeie sprekers uiters aktuele referate oor die onderwerp gelewer.**

Prof. W. N. Coetzee het in sy referaat oor die opvoedende element in die deelname aan kunskulturele aktiwiteite die universiteit se taak geskets in die bevordering van die kulturele lewe. Hy het 'n sterk pleidooi gelewer dat deur meer toergroepe en deur die optrede van klein groepies aan meer studente die kans tot deelname gebied word.

### A.B.K.K.

Mnr. Jan-At Kruger, voorsitter van die A.B.K.K. het in sy referaat, „'n Waardering van die Funksie van die A.B.K.K.", gesê dat die geskiedenis van die A.B.K.K. bewys dat 'n kruispad bereik is. Die A.B.K.K. wil verder, sal verder, maar kan alleen verder met verdere hulp van die kant van die owerheid. Hy vra nie om vervang te word nie, maar steek die hand uit na bo. Veral verdere finansiële steun is van besondere belang.

### A.S.B.

Nog 'n spreker was mnr. Hennie Smit, direkteur van kulturele aangeleenthede van die A.S.B.-hoofbestuur. Hy het gewaarsku teen oor-koördinasie van kunskulturele bedrywighede deur die A.S.B. en die daarstel van 'n organisatoriese struktuur wat eintlik inhoudloos kan voortbestaan Die A.S.B. kan die kunskulturele aktiwiteit stimuleer deur die behoefte te skep en die student daarvan bewus te maak.



**So 'n ou haan! Alwyn Kruger wys Floor Coetzee presies hoe 'n mens 'n perfekte hoenderhaanskop uitvoer. Die hoenderhaanskop was o.a. deel van die Lentefees wat Saterdag by die Dam gehou is.** (Foto: De Zee)

# Joernalis kry aanstelling

Mnr. Johan Snyman is as ontwikkelingsbeampte aan die universiteit benoem. Hy is tans Wes-Transvaalse verteenwoordiger van 'n Randse Afrikaanse middagblad. Sy werk aan die P.U. sal o.a. die opstel van persvrystellings asook ander skakelwerk behels.

# Opvoedkundiges neem afskeid

Tydens 'n gesellige byeenkoms van die Departement Opvoedkunde is in die tuin van prof. Schutte op 3 Oktober op informele wyse afskeid geneem van die vertrekkende U.O.D. en U.L.O.D.-studente. Onder die eregaste was proff. A. G. Coetzee, S. J. Preller, mnr. P. J. Helberg en hul gades.

# A.O.B. begin met lentefees

**Die A.O.B. het sy eerste termyn verlede Saterdag ingelui met die lentefees wat van die oggend elfuur tot die aand by die dam gehou is.**

'n Woordvoerder van die komitee wat belas was met die organisasie van die fees, het sy teleurstelling uitgespreek oor die klein aantal Pukke wat die fees bygewoon het. „Dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat 'n groot aantal studente weg was oor die naweek en die ander nog besig was om te worstel met akademiese verpligtinge," het hy gesê.

### HAAK EN STEEK

In al die kompetisies wat gehou is, nl. toutrek, skyfskiet, en bootresies, het Haak en Steek koning gekraai. Die sokkerspan wat voor middagete teen 'n damesspan gespeel het, het ook uit Haak en Steek gekom.

Namens die A.O.B. is dank uitgespreek teenoor al die persone wat hulle deel bygedra het in die organiseer van die lentefees.



**Mej. Sannie Greyling, sekretaresse van die Studenteraad. Sy het die veeleisende pos verlede jaar in April aanvaar en het haar sedertdien as een van die steunpilare in die gejaagde program en werksaamhede van die Studenteraad bewys. Enige persoon wat al om watter rede ook al by die kantoor van die S.R. om hulp of raad moes gaan aanklop, kan getuig van die vriendelike en onbaatsugtige diens wat sy aan die studente lewer. Sy geniet dit dan ook om onder die studente te werk en sou baie graag nog lank haar huidige posisie wou beklee.**

(Foto: Fotokuns)

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

# BEURSE BESKIKBAAR VIR NAGRAADSE STUDIE

**Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing stel vir die akademiese jaar 1968 beurse van R300 elk beskikbaar aan studente wat die B.A.-of B. Comm-eksamen of die vak waarin hulle wil spesialiseer met minstens 60 persent geslaag het, en aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir 'n Honneursgraad wil studeer.**

Geen verpligtinge is aan die beurs verbonde nie en aansoekvorms kan by die Administrasiegebou verkry word om voor 1 Desember voltooi en ingedien te word.

### CORNER HOUSE-GROEP

Nog 'n nagraadse beurs word deur die Corner House-myngroep aangebied. Dit bedra R2000 en word jaarliks aan 'n gegradueerde van een van die Suid-Afrikaanse universiteite toegeken.

Aansoeke kan by die registrateur ingedien word. Elke universiteit beveel een kandidaat aan vir die beurs, waaraan ook geen voorwaarde verbonde is nie.

*Verlief? . . . Gekys?*

*Vir al u probleme met ringe,*

*raadpleeg . . .*



**IVAN DE BEER**

vir 'n Groot Besparing

Crownstraat 2, Telefoon 763-3115, Horizon, ROODEPOORT

*— (Streng Vertroulik) —*

Kies u eie Steen en Setwerk

*Ry in die WAPAD*



met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van



**PARK FIETSWINKEL**

Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.

SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.

*Onderdele — Herstelwerk*

SUZUKI SPORT 50

**PARADISE RESTAURANT**

**Dié kafee op Die Bult . . .**

**dié kafee waar studente hul**

**koeldrankie drink,**

**EN SNOEKER SPEEL!**

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

**Tomstraat 86 Tel. 5474**

piekfyn

moderne manswinkel met moderne dinge vir moderne mense

danksy



"Al" niewinkel"

KERKSTRAAT 86B. + TOMSTRAAT 100



Huis Rus se eerste rugbyspan. Die span het benewens die feit dat hulle die Steyn-beker in die Neser B II-liga en die Pieter Malan-trofee vir die Puk-span met die beste spangees gewen het, tot in die eind- en halfeindrondes vir twee ander bekers gevorder. In die ligakompetisie het die span, wat uit 24 beskikbare spelers gekies is, 266 punte aangeteken teenoor die 50 punte teen hulle.

*Atletiekseisoen begin :*

# Pukke skitter op eerste ligabyeenkoms

**VEELBELOWENDE vertonings is op die eerste ligabyeenkoms van die siesoen deur die Puk se atlete gelewer. Trevor George het maklik die 100 meter vir mans gewen. Hy het ook met sy fantastiese wegspring die stokkie oor die eerste 100 m. van die 4 x 100 meter aflos gedra.**

**Lg. aflos is in 41.0 sekondes (net 0.4 sek. buite die S.A.-rekord vir die 4 x 110 tree aflos), ver voor hul naaste teenstanders deur die Pukspan, bestaande uit T. George, W. Coetzee, J. v.d. Westhuizen en W. v.d. Westhuizen, gewen. Dit was 'n pragvertoning van perfekte tegniek en tydsberekening.**

Geen wonder ook nie: Trevor George het 10.5 en Willie en Johan van der Westhuizen elk 10.7 sek. oor die 100 meter vroeër die middag aangeteken. Willie Coetzee op sy beurt, was tweede in die 200 meter met 'n tyd van 22.0 sek. Dit was net 0.2 sek. stadiger as Willie v.d. Westhuizen se wentyd van 21.8 sek.

**Wille Coetzee het ook die goele tyd van 14.3 sek. oor die 110 meter hekkies behaal. Willie behoort binnekort weer naby sy S.A. rekord van 13.8 sekondes te kom.**

George Muldner het sonder veel kompetisie die 800 m. in 1:56.0, die 1500 m. in 4:3.5 en die twee myl in 9:59.3 gewen. (en dit binne die bestek van 'n anderhalfuur).

**WERPSKYF**

Cor Marx het goed vertoon deur die werpskyf met 143' 2½" te buit en naelskraap tweede in die gewigstoot te eindig met die afstand van 44' 4". Cecile Malan het oudergewoonte die werpskyf en gewigstoot vir dames met afstande van 38' 5" en 135' 11" onderskeidelik gewen. R. de Klerk (gewig en spies) en H. Kruger (diskus en spies) het ook mooi afstande in die gooinommers vir dames gelewer.

Bea Marais het in die 400 meter vir dames in 61.8 sek gewen. Rosalie de Klerk was in die derde plek met 62.8 sek. Bea kon nie veel in die naellope vermag na al die staminawerk wat sy en Rosalie ter voorbereiding van 400 meter wedlope gedoen het nie. Annelie Gildenhuys het in hul afwesigheid die 800 m. in die tyd van 2:37.6 gewen.

Suna Henning het met 4'10" in die hoog- en 16' 0½" in die verspring, beide nommers gewen.

W. le Roux (51.4), T. le Roux (51.6) en J. Kruger (52.2) het kort na mekaar in die 400 meter geëindig.

**PAALSPRING**

Die paalspring is met die mooi hoogte van 11' 6" deur Poen Coetzee gebuit. Neels Smit het getoon dat hy begin fiks raak deur derde in die 800 m. met die tyd van 1:58.6 te eindig. J. Enslin het 'n goeie tweede plek in die 110 m. hekkies behaal.

Die driesprong is deur C. Coetzee met 42' 7" gebuit. S. Brisley was tweede met 40'7". H. van Eck was derde in die gewigstoot, met net n duim kort van 40 vt. Die dames was tweede in die 4 x 100 m. aflos in 54 sek.

**DALRYMPLE**

Deur so voort te gaan, behoort die Pukke vanjaar in Kaapstad uitstekend te vaar in die Dalrymple byeenkoms. Met nog oefening en afronding kan hulle tot groot hoogtes klim in die komende atletiekseisoen. Dit is veral veblydend om te sien dat Trevor George nou weer sy atletiek ernstig opneem. Sy prestasie Saterdag getuig daarvan.

# Krieketspan begin goed

**Die eerste krieketspan het die seisoen se ligakrieket op 'n hoë noot begin toe hulle 277 lopies almal uit teen die Pote behaal het. Hiervan het Jos Coetzee die skitterende totaal van 116 n.u.n. behaal.**

Dit het aanvanklik nie te goed gegaan nie en slegs Jan Kruger (23) het 'n redelike telling behaal. Daarna het Jos Coetzee egter ingekom en die prentjie m.b.v. Anton Welman (39), Jan Redelinghuys (20) en Eugene Kruger (17) verander. Dit was veral die stertkolwers wat die moeë Pote gekasty het. Louis Holtzhausen was die Pote se beste bouler met 4/64.

**TWEEDESPAN**

Die tweede krieketspan van die Puk het goed afgesit in hulle eerste ligawedstryd die seisoen teen Stilfontein deur hulle beurt op 197 vir 7 gesluit te kon verklaar.

Goeie tellings is behaal deur Jan-At Kruger (52), Dewald Joubert (46 n.u.n.), John Roos (33) en Johan Dreyer (18n.u.n.).

Stilfontein het teen uitskeityd 55 vir 2 op die telbord gehad deurdat die Pukke nie al die vankanse kon benut nie. William Cook se boulontleding lees al 1/16.

Die ligawedstryde word oor twee Saterdae gespeel en die finale tellings sal eers dan bekend wees.

# DORP KLOP DAWIE DOEP

**In die enigste wedstryd die afgelope naweek in die koshuisliga het Dorp daarin geslaag om Dawie Doep met 40 lopies te klop. Vaatjie v.d. Merwe (36) en Kas Lombard (29) het die beste vir Dorp met die kolf gevaar.**

Kompleks wat verlede seisoen ook een van die voorste spanne was is dus sover nog die enigste onoorwonne span. Dit het hulle te danke aan goeie kolfwerk deur Ben Shaw wat reeds 80 lopies die seisoen behaal en Johan Dreyer wat reeds 14 paaltjies laat kantel het.

Over de Voor het voorverlede Saterdag 'n puik prestasie behaal deur Huis Rus vir net 12 lopies in 'n beurt uit te haal. Dit was hoofsaaklik te danke aan Chris Swanepoel wat die unieke boulontleding van 4 beurte en 7 paaltjies vir geen lopie daargestel het. Over de Voor self het 112 lopies aangeteken waarvan Mossie Mostert 29 behaal het.

# Puk derde in Marathon

In die jaarlikse Goue Weste Marathon was 'n Puk, Wouter Uys, die eerste Wes-Transvaler oor die wenstreep in die tyd van 2:45.31 vir die afstand van 26 myl 385 tree vanaf Potchefstroom na Stilfontein. Dit was sy eerste marathon.

O. Vorster het die wedloop in die rekordtyd van 2:29.44 voltooi. T. Potgieter was tweede en Uys derde.

Tinus van Rooy was elfde in 2:57.39. Daar word by geleentheid van die P.U. atletiekbyeenkoms op 21 Oktober ook 'n padwedloop oor 25 kilometer (ongeveer 15 myl) aangebied waarin baie van die marathonatlete hul staal sal kan toon.

# Swemtoernooi af

Die Komitee van Universiteitshoofde het besluit om die interuniversitêre swemtoernooi wat jaarliks in Desember plaasvind, vir die volgende twee jaar op te skort.

Hierdie stap volg op klagtes oor die gedrag van studente tydens die toernooi by die Universiteit van die Witwatersrand verlede jaar.

# TOER VIR ATLETIEKKLUB

**Twee liga-, twee groot atletiekbyeenkomste, almal in Oktober, 'n atletiektoer wat 'n seereis insluit en afgerond word met die Dalrymple is alles op die program van die atletiekklub vir die komende seisoen.**

Ligabepalings word op die 7de en 14de Oktober nagekom. Vir die 21ste Oktober het die P.U. 'n byeenkoms gereël waaraan atlete van Suid- en Noord-Transvaal sal deelneem. Die 28ste Oktober vind 'n interprovinsiale byeenkoms tussen Noord-, Suid- en Wes-Transvaal plaas. Op hierdie byeenkomste word al die items oor metrieke afstande beslis.

**DALRYMPLE**

Die Dalrymple word vanjaar vir die eerste maal in Desember afgehandel. Voorheen is dit in April beslis. Die Puk se kanse lyk goed om weer soos in 1965 met die Dalrympletrofee na Potchefstroom terug te keer. Willie Coetzee sal weer poog om die twee hekkiesitems te wen. Willie van der Westhuizen behoort goeie tye oor 100 en 200 meter die seisoen te behaal.

Die Puk sal 'n span van 29 atlete en 'n spanbestuurder kies vir die toer later vanjaar. Die toerprogram begin met 'n byeenkoms op 28 November in Durban. Op 29 November vertrek die hele span per boot na Port Elizabeth waar hulle die 1ste Desember deelneem. Na die tuinroete deurreis is, bereik die toer sy klimaks met die Dalrymple op 9 Desember in Kaapstad. Die toer word op 13 Desember afgesluit

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM